# HOËRSKOOL BREDASDORP HIGH SCHOOL

# Nuusbrief Newsletter

11 | 2026
24 | 04 | 2026

## BELANGRIKE DATUMS

Vry. 24 April:  Hokkie vs HS Hermanus (weg)
Sat. 25 April  Sportdag vs HS Hermanus (tuis)
Ma. 27 April:  VAKANSIEDAG (Vryheidsdag)
Di. 28 April:  Netbal:  Overbergproewe (o.15, o.17, o.18)
Wo. 29 April:  Landloopliga
Sportdag vs Gansbaai Academia (Tuis)
Praise & Worship (17h30)
Do. 30 April – Ma. 4 Mei:  HSB Fietstoer
Vry. 1 Mei:  VAKANSIEDAG (Werkersdag)

## LIEF EN LEED

Baie geluk aan me Liezel van Schalkwyk (Opvoeder Afrikaans) en mnr Ockie van Schalkwyk (Hoof onderwys-Psigometris skoolsielkundige Dienste) met die geboorte van hul eerste kleinkind, Elizabeth van Schalkwyk.

## TERREINONTWIKKELING

### RUGBYPALE VERLENG en KOMPOS

Danksy mnr Antonie du Toit en sy werkers van Antoinette Events is die rugbypale gedurende die week verleng.  Alle materiaal en arbeid was 'n skenking.

Dankie aan die volgende donateurs van materiaal:
**Overstaal Welding** vir die pale en sweiswerk;
**Coastal Hiring** vir die gebruik van die steiers (scaffolding);
**Overberg Vleis** vir die kompos wat op ons veld en terrein gestrooi is.



### HEUNINGBERG NATUURTUINPROJEK



Me Franci Knox en Matthew Bantjes voor die terasse wat voor die einde van die Winter al mooi kleur sal hê.




TERM THEME
Be a leader

## GELUKKIGE VERJAARSDAG

Do 30 April:  Andries Swart

## AKADEMIE

### GR 12-VERBRUIKERSTUDIES

Ons Graad 12-leerders het onlangs hul kulinêre vaardighede tydens 'n praktiese assessering waar hulle heerlike suurlemoenmeringue voor-berei het ten toon gestel. Die leerders het die taak met groot entoesiasme aangepak en elkeen het die geleentheid gehad om hul eie unieke bolaagpatrone te skep. Die eindprodukte was nie net visueel treffend nie, maar ook 'n bewys van hul groeiende selfvertroue en passie in die kombuis.



## BORG




Baie dankie aan **BVSA**, die hoofborg van môre se sport teen Hoërskool Hermanus, vir die skenking van die pragtige warm serpe aan die afrigters.  Ons waardeer hierdie mooi gebaar.

Foto vlnr:  Mnre Thys Kriel, mnr Vincent Berends van BVSA, mnr Christopher van Niekerk (Departementshoof Sport)

**KRINGE-TOER 2026**

Vir 75 BD's het *Kringe in 'n Bos* deur Dalene Matthee 'n nuwe betekenis gekry toe hul vanaf 19 tot 21 April 2026 eerstehands kennis gemaak het met die interessante simbole en plekke in dié veelbekroonde klassieke historiese roman. Vir elke leerder het 'n ander besoekpunt die grootste bekoring ingehou. Dis moeilik om te kies watter wonder in God se skepping vir jou die heel mooiste is. Monkeyland, Birds of Eden en Jukani Wildekatplaas was Sondag aan die beurt. Ons het oorgebly by Harkerville Nature Reserve.

Maandag het hulle 'n sirkelroete in die Knysna-bos gestap vanaf Krisjan se Nek – die geboorteplek van die hoofkarakter, Saul Barnard. Daarna het hulle 'n lekker piekniekete in die woud geniet voor hulle besoek aan die Featherbed Reserve by die Knysna-Koppe. Maandagaand was almal netjies uitgevat vir 'n besoek aan The Lookout-restaurant in Plettenbergbaai. Dinsdag is The Wolf Sanctuary besoek en kon hul ook die plaasdiere by die Touch Farm geniet. Daarna was dit tyd vir een van die hoogtepunte van die toer – hul het kennis gemaak met die bosreuse. Al die Oupote by The Elephant Park.



Die 22ste Kringe-toer, 'n tradisie waarna elke BD al vanaf gr 8 af uitsien, is afgesluit met 'n lekker verrassing. Elkeen het vir oulaas 'n "goodfor" ontvang. Die oorspronklikheid en kreatiwiteit waarmee elke gr 11 sy/haar goodfor in Knysna spandeer het, getuig weereens daarvan dat ons BD's kán planne maak. Dit was beslis 'n wonderlike ervaring wat hierdie BD's altyd sal koester.


















## RUGBY (18 April vs HS Robertson)



**Overberg Wealth & Risk Management o.19A** verloor 27-29.

Drieë: Conrad Bothma, Eduard Jacobs, Llewellyn Gabriels.
Doelskoppe: Urlinn Henecke (3)
Strafskoppe: Urlinn Henecke (2)



**InteliGro o.19B** verloor 7-12.

Drie: Marcus Wilskut
Doelskop: Ronwill Siegelaar



Die **Rola Ford** o.16A-rugbyspan het in 'n baie harde wedstryd teen Hoërskool Robertson ongelukkig met een punt verloor, die eindtelling: 19-20!
Drieë: Luan Coetzee (2), Janeco Mars
Doelskoppe: Edmund O'Ehley (2)

Baie dankie aan Amiel en Lyndell Coetzee van **AFRI POINT PLUMBING & GAS** vir die nuwe o.16-opwarmingshemde! Die spelers dra dit met groot trots.

### O.15-RUGBYSPANNE vs HOËRSKOOL ROBERTSON

**ARNISTON HOTEL & SPA** o.15A
Verloor 15 - 22
Drieë: Caleb Davids, Gervinnio Stuart (2)

**ARRIE NEL APTEEK** o.15B
Wen 15 - 12
Drieë: Tiaan Smit, Eslaam Wilskut
Doelskop: Lee Won Rossouw
Strafskop: Lee Won Rossouw

## CHESS vs Robertson High School



13 games were played. BDs lost 5, won 7 and drew 1

There were quite a few nail-biting matches played. In the photo is Bradley Zindonda who won his match after a long battle. Mr Retief stopped by to support the chess players.












## NETBALL (18 April vs Robertson High

u.14C
Lost: 7-11

u.14B
Won: 10-8

u.14A
Lost: 6-22

u.15C
Lost: 7-11

u.15B
Won: 17-3

u.15A
Lost: 10-15

u.16B vs AMSS
Won: 21-9

u.16A
Won: 16-15

u.17C vs Struisbaai Vaardigheid
Won: 2-0

u.17B
Won: 10-8

u.17A
Won: 12-8

u.19D vs Struisbaai Vaardigheid
Won: 17-11

u.19C
Won: 17-10

u.19B
Won: 29-20

u.19A
Won: 35-20

## CROSS COUNTRY

Four BDs participated in the first league race ($2^{nd}$ meeting) of the cross country running season in Swellendam on 22 April 2026. The results are as follows:

u.12 Boys – 3 km
Joshua Terblanche – 1ste
(Bredasdorp Primary School learner)

u.15 Boys – 4km
Indran Plaatjies – $1^{st}$ place
Caiden Vyver – 4thh place

u.19 Girls – 6 km
Anzia Coetzee – $1^{st}$ place

Men over 18 – 8 km
Mr Danlin Manuel – $2^{nd}$ place
(BHS educator)

Congratulations to these learners, and Mr Manuel, on these excellent results. May the rest of the season be just as successful!

## FIETSRY)




**FIETS-AAND**
Op Saterdag, 18 April 2026, is die Basiese Fiets-aand vir alle lede van die Elim Slaghuis aangebied. HSB Fietstoer 2026. Mnr. Barend Smit het die leerders gehelp om die basiese herstel en instandhouding van fietse beter te verstaan. Die leerders vertrek volgende week op die Elim Slaghuis HSB Fietstoer, en die inligting sal hulle beslis baie help.



FLTR: Anzia Coetzee, Mr Manuel, Indran Plaatjies, Caiden Vyver en Joshua Terblanche

KWARTAALTEMA
Wees 'n leier

TERM THEME
Be a leader

## HOKKIE (18 April vs HS Robertson)

<u>Dogters</u>
- o.14A verloor 0-2
- o.16A gelykop 0-0
- o1.8B verloor 1-4. Doel: Joaddan Daniels
- o.18A verloor 0-3

<u>Seuns</u>
- o.16A verloor 1-2. Doel: Zac de Jager
- o.18A verloor 1-2. Doel: Rickus Badenhorst

















Hoërskool Bredasdorp
**VISIE 2026**
Sukses deur Toewyding

Bredasdorp High School
**VISION 2026**
Success through Dedication

## ATLETIEK: SA KAMPIOENSKAPPE

Baie geluk aan die Wes-Kaap atlete, Urlinn Henecke (So.19: 100m, 200m), Gervinnio Stuart (So.15: Driesprong) en Kazimla Duti (So.15: 5000m Stap) wat volgende week in Pretoria aan die SA Skole Kampioenskappe gaan deelneem. Ons wens hul alle sterkte toe.


Rent to Buy Cars
Santam dis nou vryheid
Elim slaghuis butchery
bp Kwik 'n Go Tyre & Fitment Centre
Kalk Delite
Biltongland Bredasdorp
CS Crop Solutions
Netcom Fiber - Wireless - VOIP
Theuns de Bruin Kliniese Sielkundige
AJ Tyres 079 469 1751
Viking
ikamva
Intshiba SA Ceramic & Coffee Shop
PostNet
Gavin's Trattoria
Langezandt Properties
Jannie Engelbrecht Optometrist
Overberg Pre-Owned
Voermol
Suidpunt Sekuriteit
Heuningberg Medical 028 424 1101 Drs Barto Saayman & Johann Latsky
Arrie Nel Pharmacy Group
Refrigeration & Aircons
moov energy
Spur
Nation Mushrooms
Twin D Tours
Antoinette
SRS
Star Signs
packtown
Overberg Wealth & Risk Management
adelldesigns
JEB Connect
Agrimark
P & B Lime Works
Paintsmiths
LBF Prokureurs Attorneys
Harcourts Cape Agulhas
King Chicken
Rola Toyota
LMI Skale / Scales Bredasdorp Tel: 028 425 1463
InteliGro intelligent crop solutions
Rola Ford
OJ Plant Hire
Afri Point Plumbing & Gas 078 832 6413
Overberg Speciality Foods
bvsa
Chas Everitt International Property Group
Overberg
Build it
Gemini Alu
Superspar Bredasdorp

ONDERSTEUNERSKLUB SUPPORTERS' CLUB

SHOW YOUR SUPPORT in 2026

## Membership fees

R350
per person

R200
2025 members

R600
per couple

**Bankbesonderhede**
Standard Bank
10 22 876 710 3
Takkode: 05 10 01
Stuur bewys van betaling aan die e-pos adres hieronder

Proud BD's SUPPORTER

Stuur asb 'n whats-app boodskap met:
Naam, van &
kontaknommer aan
083 324 2503.

Ondersteunersklubhsb@gmail.com

ONS SKOOL - ONS TROTS

Marietjie Saayman 083 324 2503